2 week tema

# Insekte

# Tema 19



# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, plak, verf, knip, skeur en vashou van onderskeie materiale |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters “lees” saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema. Tydens hierdie “leeservaring” word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• ’n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en “skryf” hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord.<br>• Bepaalde woorde word aan maats omskryf ten einde hulle woordeskat te verbeter. |
| Verken wiskunde | • Die nommer “tien” word die week behandel. Maats moet tot by tien tel.<br>• Maats tel miertjies.<br>• Maats leer van die hart (die vorm hierdie week).<br>• Swart word as kleur van die week behandel.<br>• Maats leer hoe springkane se voelers werk om harder en sagter materiale te tas.<br>• Maats pas insekte se lyfies by hul bypassende vlerkies.<br>• Maats meet insekte se lengte.<br>• Maats sorteer insekte op grond van hoe hulle beweeg. Kan hulle vlieg, kruip, loop of spring?<br>• Maats ondersoek die lewenssiklus van ’n skilpadbesie en ’n skoenlapper.<br>• Maats voltooi legkaarte. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om ’n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer ’n kort gedig en storie.<br>• Kreatiwiteit word ook deur kammaspel bevorder.<br>• Maats bou skoenlappers en besies. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Maats leer van die onderskeie soorte insekte.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take terwyl hulle skoenlappers en skilpadbesies bou ens. |

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Tien (10)***
- Vorm van die week: ***Hart***
- Kleur van die week: ***Swart***

# SIRKELSESSIE
*Van die week*

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 10 op hul vingers tel terwyl hulle 10 keer in die lug spring.***

## Sirkelbespreking van die week



Ontmoet vir:



Stiena Swart

# STIENA SWART *(Die Storie)*

Stiena Swart is nie meer baie jonk nie. Sy kom van die dorpie Swartruggens af. Almal in Swartruggens ken vir Stiena Swart en weet dat sy sommer baie van die kleur swart hou. Haar karretjie, handsakkie en katjie is pikswart. Haar huisie is ook swart met 'n pikswart dakkie, swart vensterrame en 'n swart voordeurtjie.

Elke dag stap StienaSwart met haar swart kat, Marmite, na die Snoepwinkel om lekkergoed te gaan koop. Stiena hou vreeslik baie van swart lekkergoed soos liquorice en niekerbols. Sy is skaars by die lekkergoedwinkel uit, dan haal sy haar eerste swart niekerbol uit die papiersakkie en druk dit in haar kies. Sy suig en suig die swart lekkertjie dan dat haar wangetjies sommer so op 'n bal staan. Dit is vir haar so lekker dat haar tone skoon omkrul en haar ogies op 'n skrefie trek.

Terwyl Stiena in die pad afstap deel sy swart lekkers vir almal uit. Sy gee vir die dorp se kinders hande vol swart niekerbols en liquorice. Hulle druk dit dan vinnig in hulle monde en suig dit todat hulle monde en tande pikswart is. Dan giggel hulle almal saam.

By die huis maak Stiena dan vir haar 'n lekker koppie swart koffe en gaan sit dan op haar stoepie in die swart aandlug. Dan kyk sy na al die sterretjies en beplan haar volgende uitstappie na die snoepwinkel!

**Vertoon hierdie week vir Stiena Swart in die klas**

Maats kan hierdie week vir Stiena Swart kossies en happies soos liquorice bring. Hulle kan ook vir haar koue swart koffie of selfs 'n oreo-koekie bring.

Moedig maats verder aan om gepaste swart items vanuit die klas of van die huis af Stiena Swart saam te bring.

**Probeer hierdie week om SWART verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die verf, klei ens. is.**





MOLLIE


10
MOLLIE



Hoeveel hartjies sien julle?

Hettie Hartjies


Hoeveel hartjies sien julle?
Hartlappertjies


MOLLIE

# 10



# BYBEL-ILLUSTRASIES










**Visuele prosessering:** Hoeveel borreltjies is daar in die eerste prentjie? Kom ons tel! / Watter kleur is Salomo se jas? Watter kleur is Salomo se troon? / Is die mense is die eerste prentjie mans of vrouens? Hoeveel mense is in die tweede prentjie? Kom ons tel! / Die mense staan VOOR die offer. / Salomo staan OP die berg. Salomo staan LANGS die offer. / Die gras is GROEN. / Die vuur se vlamme is ORANJE, GEEL en ROOI. Salomo se se kombers het STREPE op. / Hy slaap in die NAG. / Ons sien die MAAN in die prentjie. Daar is TWEE vroue in die laaste prentjie. / Die een vrou se kopdoek is ORANJE. / Die ander vrou se doek is PIENK. / Die baba is TUSSEN die vroue. / Hulle kyk VIR mekaar. / Hulle staan VOOR Salomo. / Hulle hande is OP die baba.

# BYBELLES

## *Salomo se vrees*

## DAG 1-2

Na Saul was Dawid koning en toe hy dood is, het sy seun Salomo koning geword. Salomo was net soos sy pa koning Dawid, baie lief vir God gewees. Nadat Dawid dood is, het Salomo in die paleis gewoon. Hy het geweet dat sy pa, Dawid, 'n baie goeie koning was. Hy wou ook so 'n goeie koning soos sy pa wees.

Salomo het verstaan dat dit 'n belangrik was om 'n goeie koning te wees en dat hy hierdie werk, net soos sy pa, goed moes doen. Hy het toe bang geword dat hy nie 'n goeie koning sou kon wees nie. Hy het gedink dat hy dalk nog te jonk was om 'n goeie koning te wees. Maar Salomo het geweet dat hy altyd op God kon vertrou om hom te help. Hy het toe vir een van sy werkers geroep en gesê dat hy vir die volk moes sê om op die berg bymekaar te kom om 'n offer aan God te bring. Hulle het Hom gevra om hulle te help. Almal het saam gebid en offers aan God gebring.

### Woordeskat-ontwikkeling

**Jonk**

As ons nog nie baie oud is nie

**Vertrou**

As ons weet iemand sal ons altyd mooi behandel en ons help

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wie het na Dawid koning geword?
- Wie het Salomo geweet sou hom help om 'n goeie koning te wees?

### Lewensles

*As kinders van God kan ons met al ons probleme na Hom toe kom!*

# Bybelles

## *Salomo se droom*

# DAG 3-4

Een aand het Salomo 'n droom gehad. Hy het gedroom dat God met hom praat en vir hom sê dat hy enigiets van God kon vra en dat dit vir hom gegee sou word. Dit was 'n moeilike besluit, het Salomo gedink. Hy het gewonder wat daar tog is wat hy van God kon vra.

Salomo sê toe: "God, U was altyd goed vir my pa en nou het U my koning gemaak. Help my om altyd te weet wat reg en verkeerd is en help my asseblief om 'n goeie koning te wees".

Maats, baie ander mense sou vir geld gevra het of sou beroemd wou wees, maar dit is nie wat Salomo wou gehad het nie. God was baie tevrede met Salomo en het vir hom gesê dat hy goed gekies het. God het toe vir Salomo belowe dat Hy hom die slimste man in die wêreld sou maak en dat die mense baie van hom sou hou. God het verder vir Salomo gesê dat Hy ook sou sorg dat Salomo baie ryk sou wees.

### Woordeskat-ontwikkeling

**Droom**

Prentjies wat ons sien as ons slaap, amper soos om televisie te kyk

**Koning**

Iemand wat die baas is van al die mense in 'n land

**Beroemd**

Wanneer almal weet wie jy is

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Van wie het Salomo gedroom?
- Het Salomo vir God gevra om hom ryk te maak?
- Waarvoor het Salomo gevra?

### Lewensles

*God sorg mooi vir Sy gehoorsame kinders!*

## *Doen wat reg is*

# DAG 5

Op 'n dag het daar twee vroue voor koning Salomo verskyn. Hulle het altwee babaseuntjies gehad, maar die een mamma se baba het doodgegaan. Altwee vroue het gesê dat die lewende babatjie wat oorgebly het hulle baba was en niemand het geweet wie van hulle twee die waarheid gepraat het nie. Wie was die baba se regte mamma? Koning Salomo kry toe 'n slim plan. Hy het gesê dat hulle die baba in twee moes kap sodat elke mamma 'n deel kon kry het. Die regte mamma het toe vreeslik gehuil en gesê dat sy dan eerder haar baba vir die ander vrou sou gee as om die baba in twee te laat kap. En so het koning Salomo geweet wie die regte mamma was.

**Waarheid**

As ons sê wat regtig gebeur het en ons nie jok nie, praat ons die waarheid

### Lewensles

*Ons moet nie soos die een mamma jok nie!*

Laat maats hierdie week beurte maak om die storie van Salomo en die twee mammas te dramatiseer. Maats kan die gesiggies as maskers dra (pons net gate deur) en die storie in groepies vir die klas illustreer.

*Rolspel!*

# DAG 6-10







# TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Hierdie week haal maats allerlei interessante items uit "insekte-bottels")*

Mollie is sommer vreeslik opgewonde! Pappa het vanoggend heerlike heuning uit die byekorf gaan haal! Maats, weet julle hoe 'n byekorf lyk? Vandag gaan ons ons eie een maak! *(Haal* ***verskeie uitgeknipte en gelamineerde seshoeke*** *uit* die insekte-bottels. *Daar moet minstens een seshoek vir elke maat in die klas wees. Laat maats nou een-een hulle seshoeke op die grond pak om een groot, gesamentlike byekorf te vorm! Moet hulle nie help nie maar laat hulle self hulle seshoek reg draai en in die korf se patroon maak pas. Nou weet maats ook sommer wat die vorm van 'n byekorf is!)*

Nadat en Mollie en Mia lekker aan die soet heuning gesmul het wat pappa vir hulle gegee het, vertel Mollie vir Mia alles wat hy van bye af weet. Mia dink haar boetie is sommer die slimste muis in die hele wêreld omdat hy al hierdie dinge weet! Mollie sien dat sy sussie sommer baie daarvan hou om van bye te leer en hy besluit om haar ook sommer van ander insekte te vertel. Hy vertel vir haar van die lewenssiklus van 'n skoenlapper. Hy maak 'n fraai wurmpie uit **klei** en toe maak ook 'n papie uit bruin klei. Heel laaste maak hy die heel mooiste skoenlapper! Die skoenlapper se lyfie is van klei en haar vlerkies het hy uit die plastiek van 'n **2 liter koeldrankbottel** geknip. Mollie verf die vlerkies te pragtig met **vensterverf**! Sy skoenlapper kry ook sagte, **draad**spriete. *(Hierdie is 'n breedvoerige aktwiteit wat deur die loop van die week gedoen kan word. Maats kan elke dag een van die fases uit klei illustreer. Die skoenlapper kan as pragtige kunswerk gedoen word of kan ook bloot vir fyn motoriese oefening uit klei gemaak word.)*

Mollie vertel ook vir Mia dat insekte almal vlerke het en dat nie een insek se vlerke dieselfde as 'n ander s'n lyk nie! Kom ons kyk of julle vir Mollie en Mia kan help om die regte vlerke by die regte inseklyfie te pas. *(Pak twee insekte- of glasbottels op elke tafel uit. In die een bottel is daar* ***prente van die lyfies van bye, naaldekokers, skilpadbesies en skoenlappers*** *en in die ander bottel is daar* ***prente van die vlerke wat by elk van die insekte pas****. Hierdie vlerkies en insekte kan op die volgende bladsye gekry word. Maats moet nou die insekte by hul vlerkies pas).*

Tematafels moet **ERVAAR** word...



# TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Hierdie week haal maats allerlei interessante items uit "insekte-bottels")*



Mollie vertel volgende vir Mia dat ons insekte kry wat kan seil, loop, vlieg en spring. *(Vul nou die bottels met **prentjies van kruipende, lopende, springende en vlieënde insekte**. Maats moet nou al die insekte wat kruip bymekaar pak, al die insekte wat spring bymekaar sit, al die wat vlieg bymekaar sit ens.)*

Mia vra vir Mollie of al die insekte ewe groot is. "Natuurlik nie, Mia!", sê Mollie. Kom ek wys jou. *(Pak **prentjies van insekte** voor maats uit. Indien jy **plastiekinsekte** het is dit soveel te beter. Gee nou vir maats **stukkies tou of tellers**. Hulle moet dit dan as maatstaaf gebruik om elke insek te meet. Watter insek is die langste? Watter insek is die kortste?)*

Nadat Mollie en Mia die insekte so mooi gemeet het is hulle skoon moeg en dors. Mamma Muis bring vir hulle elkeen 'n glas koeldrank en 'n broodjie. Hulle eet en drink te lekker. Toe gee Mamma vir hulle 'n reuse bak vol mielies. Sy het vir hulle insekte daarin weggesteek en hulle moet die insekte daarin "vang". *(Gooi vir maats **'n bak vol mieliepitte** en vul dit met **papier- of plastiekinsekte**. Laat hulle nou insekte "vang" vir 'n sensoriese ervaring!)*

Tematafels moet **ERVAAR** word...













Daar's goggas in die tuin;

hulle is baie klein.


Hulle vlieg en kruip en spring;

hulle laat ons tuintjies sing!



# TEMA

*(Gedig en storie)*





## GEDIGGIE VAN DIE WEEK

*Goggas in die tuin*

***Die gediggie leer vir maats dat insekte klein is, in ons tuine woon en dat hulle kan vlieg, kruip en spring.***

***Maak maats atent op die klankies wat hul in die gedig hoor.***

## LIEDJIE VAN DIE WEEK *Goggatjies*

**In die lied sing al die insekte in die tuin saam en leer maats die name van die vele goggas wat ons tuine laat gons. Hulle ontmoet vir Miena Miertjie, Bettie Bytjie, Buksie Besie en vele meer. So leer maats van verskillende soorte insekte in ons tuin.**

**Die liedjie is met dramatisering en ritmiese beweging in die oog geskryf.**

## STORIE VAN DIE WEEK

*'n Vreemde vlieëende voorwerp*

***Hierdie week sien Mollie, Manie Meerkat, Apie en Klein Olifantjie 'n naaldekoker vir die eerste keer. Hulle verwonder hulleself aan die pragtige insek en leer meer oor die naaldekoker by oupa Aap. Maats leer in die proses meer oor naaldekokers soos dat hulle eiers op water lê.***

***Luister elke dag 'n stukkie van die storie en vra vir maats na afloop daarvan wat hulle dink die volgende dag in die storie gaan gebeur (kritiese- en kreatiewe denke).***


***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee.***

# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*



## Dag 1 en 2






Ons kry insekte wat kan vlieg soos skoenlappers, muskiete, vlieë en skilpadbesies.
Ons kry insekte wat kan spring soos springkane.
Ons kry insekte wat rondskarrel en loop waar hulle wil wees, soos miertjies.
Skoenlappers het die mooiste vlerkies wat kleurvol is en soms die mooiste patrone op het.
Skoenlappers is nie altyd skoenlappers nie. Hulle gaan deur 'n klomp veranderinge voordat hulle skoenlappers word.
Skoenlappers lê eiertjies. Uit die eiers broei daar *larwa* en dan vorm daar 'n *papie* wat later 'n pragtige skoenlapper word.

## Dag 3 en 4


Skilpadbesies is rond met rooi, oranje of geel vlerkies met swart kolle daarop.
Skilpadbesies is nie altyd skilpadbesies nie. Hulle gaan deur 'n klomp veranderinge voordat hulle skilpadbesies word.
Skilpadbesies lê eiertjies. Uit die eiers broei daar *larwa* en dan vorm daar 'n *papie* wat later 'n skilpadbesie word.



Naaldekokers het lang lyfies met vier sterk deurskynende vlerke wat kleurvol in die son blink as hulle oor water vlieg.
Hulle hou baie van water.
Hulle vlieg oor die water en lê dan eiertjies daarop.


# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

## Dag 5 en 6



Bye bly in swerms saam met byekorwe.
Hulle maak heuning in hierdie korwe.

## Dag 7 en 8



Miertjies bly in miernessies wat hulle self uit grond uit maak.
Hulle skarrel die hele wêreld vol en soek kossies wat hulle dan na hulle nessies dra.

## Dag 9 en 10



Slakkies seil oral rond.  Hulle het nie voetjies nie.
Hulle laat slymmerige strepe agter hulle na sover as wat hulle gaan,
Van hulle het doppies en ander het geen doppies nie.  Ons noem sulke slakkies *naakslakke.*

# TEMA-LES

## Skoenlappers

# DAG 1-2

Maatjies, hierdie week leer ons van insekte. Weet julle wat insekte is? Baie van ons sal sommer sê dit is klein goggas is. Maar kom ons kyk presies hoe lyk insekte. Insekte se lyfies bestaan uit drie dele:

- 'n kop,
- middellyf,
- en abdomen (maag-gedeelte).

Aan die kop is hulle oë, 'n mond en twee antennae. Baie insekte voel en ruik met hulle antennae. Aan hulle lyfies het hulle SES beentjies en, as hulle vlerkies het, is daar gewoonlik VIER vlerkies wat uit hul lyfies kom.rd

Ons kry insekte wat kan loop, kruip, spring en vlieg. Miertjies loop byvoorbeeld waar hulle wees, bye vlieg, springkane spring en oorkruipers kruip waar hulle wil wees. Kan julle aan nog insekte dink wat kan loop, kruip, spring en vlieg? (Gee vir maats die geleentheid om insekte wat kan loop, kruip, spring en vlieg op te noem .)

Die eerste insekte waaroor ons gaan gesels is skoenlappers. Skoenlappers is vreeslik mooi! Die meeste skoenlappers het pragtige, gekleurde vlerke waarmee hulle in die dag van een blom na die ander fladder. So sorg hulle dat stuifmeel van die een blommetjie na die ander oorgedra word.

Skoenlappers drink die *nektar* van blomme met hulle tonge. Nektar is 'n suikervloeistof wat blomme afskei. Hulle eet ook die sap van bome en enige ander plantmateriaal. Maats, maar het julle geweet dat hulle nie soos ons met ons monde proe nie? Hulle proe met hulle voetjies!

Die lewenssiklus van die skoenlapper werk so: hulle lê eers eiertjies, uit die eiertjies broei daar *larwa* en dan vorm 'n *papie* en uit die papie verskyn daar dan 'n pragtige skoenlapper.

.

### Kritiese denke

- Het julle al skoenlappers gesien?
- Maats, waar het julle die skoenlappers gesien?
- Was hulle mooi gewees?
- Weet julle wat is 'n ander naam vir 'n skoenlapper? ('n vlinder)?

### Kinestetiese leer

Skoenlappers drink nektar. Nektar is die soet sappies in blommetjies. Ons gaan ook nektar drink!

Gee vir maat 'n glasie vrugtesap met 'n strooitjie in. Ryg die strooitjie deur 'n papierblom sodat maats "uit 'n blom" nektar kan drink!

### Woordeskatontwikkeling

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Insekte | Abdomen | Kruip | Skoenlappers | Nektar |
| Kop | Antennae | Spring | Vlerke | Lewensiklus |
| Middelyf | Loop | Vlieg | Stuifmeel | Larwa en papie |

# TEMA-LES

## *Besies en Naaldekokers*

# DAG 3-4

Skilpadbesies (Ladybugs) is rond of ovaal. Hulle het swart koppies met wit vlekkies aan elke kant van hul koppe. Hulle het ook twee ogies en twee antennae aan hulle koppe en hulle het ses kort beentjies.

Skilpadbesies se vlerke is rooi of oranje of geel met swart kolle daarop. Die kolle op hulle vlerke waarsku voëls en akkedisse om hulle nie te eet nie omdat hulle nie lekker gaan wees nie. As 'n voëltjie of akkedis hulle wel probeer eet, skei hulle dan 'n stof af wat baie sleg proe sodat die voël of akkedis hulle moet uitspoeg.

Net soos skoenlappers lê skilpadbesies eers eiertjies. Uit die eiertjies broei daar dan larwa waaruit daar weer 'n papie vorm en uit die papie verskyn daar dan later 'n skilpadbesie.

Nog 'n vlieënde insek wat net so so mooi soos die helder skilpadbesie is, is 'n Naaldekoker.

Naaldekokers het baie ogies. Hulle het twee groot oë langs hulle koppe wat vol kleiner ogies is en dan het hulle ook drie ander ogies voor in hulle koppe. Hulle kan daarom oral om hulle sien, behalwe agter hulle.

Naaldekokers het lang lyfies met vier sterk deurskynende vlerke wat kleurvol in die son blink. Hulle kan baie goed met hulle sterk vlerke vlieg. Hulle kan op en af vlieg en in die lug hang soos helikopters.

Naaldekokers eet vleis en hulle vang muskiete en ander klein goggas. Hulle eet vreeslik baie en kan tussen dertig en honderde muskiete op een dag eet. Hulle vang hierdie kossies met hul bene terwyl hulle vlieg. As hulle nie kan vlieg nie kan hulle dus nie eet nie.

Naaldekokers is pragtige insekte en dit is so mooi om hulle in jou tuin dop te hou!

.

## Kritiese denke

- Het julle al skilpadbesies gesien?
- Was hulle rooi, geel of oranje?
- Het julle al skilpadbesies hoor sing? Hulle sing baie mooi!
- Het julle al naaldekokers gesien?
- Waar het julle dit gesien?

## Kinestetiese leer

Laat maats op hul ruggies lê. Ons gaan nou ook soos die naaldekokers ons "prooi" met ons voete vang. Gooi 'n sagte bal vir maats en laat hulle dit met hul beentjies probeer vang. Watter maatjie kan dit regkry?

## Woordeskatontwikkeling

| | | | |
|---|---|---|---|
| Goggas | Sterk | Kleurvol | Blink |
| Skilpadbesie | Vlerke | Akkedis | Helikopter |
| Kolle | Deurskynend | Eiertjies | Pragtig |

# Tema-les

## Bye

# DAG 5-6

Maatjies,vandag gaan ons oor bye gesels! Hulle gee vir ons heerlike soet heuning!

Soos ander insekte, het bye 'n kop, middellyf en abdomen (maaggedeelte). Hulle het twee groot oë aan elke kant van hulle kop en drie kleiner ogies in die vorm van 'n driehoek in die middel van hulle kop. Dan het hulle ook twee antennas.

Hulle het ovaal, harige lyfies met geel en swart strepies op en die middel van hulle lywe het hulle vier vlerke waarmee hulle vlieg. Hulle het ook ses lang beentjies wat vol haartjies is.

Wanneer hulle op blommetjies gaan sit klou die stuifmeel ('n fyn poeier wat ons in blommetjies kry) van die blomme oral aan die harige bytjies se lyfies en bene vas. Hulle vlieg so van blom tot blom en so dra hulle stuifmeel van een blommetjie na 'n ander. Dit maak dan dat blomme saadjies kan maak en dat ons dan nog meer blommetjies kan kry.

Bye eet die stuifmeel en nektar in blomme en hulle gebruik dit om lekker soet heuning te maak. Hulle maak die heuning in hulle "byekorwe" of huisies waar hulle in groepe of "swerms" bly.

Elke by in die byekorf het 'n werkie. Daar is 'n koningin wat eiertjies lê en so kry die byekorf dan nuwe bababytjies. Die bababytjies en die koningin moet kossies kry om te kan aanhou lewe. Die *werkersbye* sorg dat die koning en die bababytjies genoeg kos het om te eet. Hulle sorg ook dat alles reg is in die byekorf. Hulle maak ook lekker soet heuning wat ons in ons kossies gebruik. Bytjies is dus baie harde werkers en oulike insekte wat iets vir ons as mense gee. Ons moet egter vir hulle versigtig wees omdat hulle ons kan steek. Die vroulike bye het 'n *angeltjie* waarmee hulle kan steek. Die angel sit onder hulle magies en daar is 'n sak met gif aan die angel vas. Die oomblik as hulle iemand steek, gaan die arme bytjies dood.

### Kritiese denke

- Het julle al 'n byekorf gesien? Hoe lyk dit?
- Het jy al heuning geproe?
- Het 'n by jou al gesteek?

### Kinestetiese leer

Wys vir maats heuning in 'n deursigtige houer. Laat hulle:

- dit in die lug hou en die na die mooi, goue kleur daarvan kyk (goud in 'n bottel);
- die taai en dik tekstuur daarvan voel; en
- die soet smaak daarvan proe!

Laat hulle die heuning "ervaar" en bespreek.

### Woordeskatontwikkeling

| | | | |
|---|---|---|---|
| By | Poeier | Byekorf | Werkersbye |
| Heuning | Blommetjies | Swerm | Angel |
| Soet | Saadjies | Koningin | Steek |

# Tema-les

## Miere

# DAG 7-8

Sover het ons gesels oor insekte wat vlerkies het maar het julle geweet dat nie alle insekte vlerkies het nie? Vandag gaan ons gesels oor insekte wat nie kan vlieg nie. Ons gaan gesels oor miere!

Miertjies het koppe met een groot oog aan elke kant. Hierdie ogies is vol kleiner ogies (lense). In die middel van hul koppe het party miere ook drie kleiner ogies waarmee hulle sien. Voor aan hulle koppe het hulle twee baie sterk kake wat hulle gebruik om te kou, harde kossies stukkend te byt en om meë te baklei. Bo-op hulle koppies het hulle twee antennae waarmee hulle ruik.

Hulle lyfie het twee dele. Die eerste deel is hulle borsie en die tweede deel is agterlyfie. Aan hulle lyfies het hulle ses bene waarmee hulle oral rond kan skarrel om kossies te soek.

Miertjies bly in miershope wat hulle self uit sand uit bou. Daar is gewoonlik duisende miertjies in so 'n miershoop. Ons noem so 'n groot groep miere saam 'n *kolonie.*

Elke mier in die kolonie het 'n werkie. Daar is 'n koningin wat eiertjies lê en so kry die miernes nuwe babamiertjies. Ons noem hulle *larw*es. Die larwes en die koningin moet kossies kry om te kan aanhou lewe. Die *werkersmiere* sorg dat die koningin en die larwa altyd genoeg kos het om te eet. Hulle loop in ons huise en tuine rond en soek na kossies om na hulle mierneste te dra. As miere iets sien wat hulle kan eet, tel hulle dit op en dra dit na hulle nessies toe. Die werkersmiere se lyfies is baie sterk en hulle kan kossies optel wat baie swaarder as hulle eie lyfies is.

Om seker te maak dat ander goggas nie hulle kossies steel nie, het mierkolonies ook *soldaatmiere.* Die soldaatmiere pas die miernes op en maak seker dat geen ander stoute insekte die miernes sal aanval en die kolonie se kos en werkers sal kom steel nie.

## Kritiese denke

- Het julle al mierneste in julle tuine gesien?
- Het julle al gesien hoe miere in julle huis loop?

## Kinestetiese leer

Kom ons doen 'n lekker eksperiment!

Gooi suiker buite op die grasperk uit naby 'n plekkie waar jy miere gewaar. Laat 'n bietjie tyd verloop. Laat maats dan na 'n wyle op hul hurke gaan sit of op hul magies gaan lê en dan kyk na die mietjies wat nou hul weg na die soet suiker gevind het!

Kom ons bespreek dit!

## Woordeskatontwikkeling

| | | | |
|---|---|---|---|
| Miere | Kolonie | Baklei | Werkersmier |
| Miershoop | Kake | Bors | Larwe |
| Miernes | Kou | Agterlyf | Soldaatmier |

# TEMA-LES

## *Slakke*

# DAG 9-10

Maatjies, vandag gesels ons oor slakke!

Slakkies het nie voete nie maar het lang, slymmerige lyfies waarmee hulle op die grond seil. Sover soos wat hulle seil los hulle slymmerige strepe! Die slym vorm 'n "mat" onder hulle lyfies sodat die skerp klippies en growwe grond waaroor hulle seil hulle nie moet sny nie.

Party slakkies het doppies op hulle ruggies. Hulle gebruik hulle doppies om net soos 'n skilpad daarin te kruip as hulle bang voel of koud kry. Hulle doppies is daarom soos hulle huisies op hulle ruggies. Hierdie huisies of doppies groei saam met die slakkie. Soos wat die slakkie ouer word, word sy doppie groter.

Maatjies, maar party slakkies het nie doppies nie. Hulle het glibberige, slymmerige lyfies. Ons noem sulke slakke *naakslakke.*

Slakkies se ogies en nesies is anders as ander insekte se ogies en neusies. Hulle ogies en neusies sit nie *in* hulle gesiggies nie maar sit op die punte van *tentakels* bo-op hulle koppies. Slakkies het twee lang tentakels waarop hulle ogies is en twee kort tentakels waarmee hulle ruik. Hulle kan baie goed ruik.

Hulle tongetjies lyk ook nie soos ander insekte of soos mense s'n nie. Dit is vol klein tandjies. Hierdie tandjies kan nie byt en hap soos ons tande nie. Dit is soos skuurpapier. Die slakkies se kos skuur daaroor en word dan so fyngemaak.

Slakkies bly in tuine, damme en selfs in die see. Ons kan hulle bykans oral kry - onder klippe, teen bome se bas en op ons plante wat hulle so graag eet. Hulle kom meestal in die nag en in die oggende uit om kossies te soek omdat hulle nie baie van die son hou nie.

Slakke kan tot 15 jaar lank lewe!

.

## Kritiese denke

- Het julle al 'n byekorf gesien? Hoe lyk dit?
- Het jy al heuning geproe?
- Het 'n by jou al gesteek?

## Kinestetiese leer

Gee vir elke maat 'n stukkie growwe skuurpapier. Gee ook vir hul elkeen 'n blaar.

Laat maats eers met hulle vingers oor die skuurpapier voel. Wat voel ons? Dit is net so grof soos die slak se tong!

Laat hulle nou hulle blaar oor die skuurpapier skuur sodat hulle kan sien wat in 'n slak se mond gebeur.

## Woordeskatontwikkeling

| | | | |
|---|---|---|---|
| Slak | Tentakels | Kruip | Byt |
| Dop | Slym | Seik | Hap |
| Naakslak | Slymmerig | Tong | Fynmaak |


## Verf, plak en manipuleer


Ons gaan 'n skoenlapper maak! Gee vir maats elkeen 'n toiletrol vir hul skoenlapper se lyf. Hulle moet dit mooi kleurvol verf. Gooi dan ook vir hulle elkeen twee pypskoonmakers om as antennas vir hule skoenlappers te plak. Hulle kan ook bobbelogies (plastiekogies) vir hul skoenlappers plak. Laat hulle nou die onderstaande vlerke met verskeie materiale soos verf, blinkers, plakkers ens. versier.



## Verf, plak en druk


Gee vir elke maatjie 'n klein ronde plastiek-of papierbakkie (nie bord nie) wat hulle moet omkeer en rooi moet verf. Help maats dan om die onderstaande koppie uit karton te knip en onder die bakkie vas te plak sodat dit onder die bakkie uitloer. Gee dan vir hulle ronde swart plakkers om vir hulle sonbesies op te plak. Die onderstaande kolletjies kan ook uitgekip en as kolle vir die besie gebruik word.





# Kom ons bou legkaart!







Knip die onderstaande naaldekoker in die aangeduide blokkies uit. Pak dit deurmekaar voor maats uit en laat hulle die naadelkoker weer bou!



# KUNSWERK
*Aktiwiteit 4*

## Afdrukke maak, knip, inkleur en verf

Gee vir elke maat 'n skoon wit papier. Gee vir hulle ook 'n stukkie borrelpapier (bubble wrap) en geel verf. Maats moet die borrelpapier met geel verf bedek. Hulle moet die borrelpapier dan omdop en dit op die wit papier platdruk om die patroon in 'n heuningkoek na te maak. As die "heuningkoek" droog is kan maats dan van die onderstaande bye uitknip en/of inkleur en voor die heuningkoek plak.

# GESYFERDHEID

*Aktiwiteit 5*

## Ons tel miere en identifiseer miere


Knip die stroke en nommers uit en lamineer dit. Maats moet dan die regte nommer by regte hoeveelheid miere pas en met 'n wasgoedpennetjie aan die regte strook vasknyp.



1 2 3 4 5 6 7 8 9 10

## Teken en inkleur


Gee vir elke maat 'n stukkie houtskool! Laat maats vir Stiena daarmee teken.



# *Stiena Swart*

## Manipuleer en druk

Laat maats die onderstaande harte met kleislange in die onderskeie kleure nagaan. Laat hulle volgende die 10 in die middel van die hart met klei nagaan.



## Benodighede

| | |
|---|---|
| Tou | Hoepels |
| Bal | Boontjiesakkies |

### Opwarming

- Laat maats heen en weer hardloop. Herhaal 'n paar keer.
- Laat maats aan hulle tone raak en dan op na die hemel strek met hul arms. Herhaal.
- Laat maats stersponge doen.

### Bilaterale koördinasie - Bene en voete

- Plaas 'n stuk tou van ongeveer vier meter op die grond. Laat maats met hulle voete oorkruisend oor die tou loop of "zig zag".
- Plaas 'n groot bal voor elke maat. Maats moet die bal met hul regtervoet na links en met hul linkervoet na regs skop. Dit is belangrik om daarop te let dat kleuters hulle middellyne kruis.

### Dinamiese Balans

- Laat maats platvoet oor 'n balanseerbalk loop.
- Laat maats hak-teen-toon oor die balanseerbalk loop.
- Laat maats met boontjiesakkies op hulle koppe oor die balanseerbalk loop terwyl hulle ogies toe is.
- Plaas klein items op die balk waaroor maats moet trap terwyl hulle oor die balk loop.

### Lateraliteit: Middellynkruising van hande

- Laat maats effens uitmekaar in 'n ry sit. Gee vir die eerste maat 'n balletjie. Maats moet nou die bal telkens met hul regterhand by die maat aan hulle linkerkant vat en na die maat aan hul regterkant aangee.
- Wanneer die bal aan die einde van die ry kom, moet maats die bal weer met hul linkerhand na die maat aan hul regterkant aangee.
- Laat maats nou regop staan. Laat hulle met hul linkerhand aan hul regtervoet raak. Laat hulle dan met hulle regterhand aan hulle linkervoet raak.
- Maats moet moet dan ook aan hul teenoorgestelde oor, heup en skouer met hul onderskeie hande raak.



# KINETIKA

**Ritme**

Speel vir maats enige van die vele Mollie Muis liedjies en vra hulle om op die ritme daarvan:

- hande te klap,
- voete te stamp, en
- drom te slaan op hul eie beentjies.

**Afwarming**

Laats maats op ’n gelyke oppervlakte lê met hul ogies toe.  Laat hulle nou hulle arms en bene gelyktydig oop en toe maak om “engele in die sneeu” te vorm.



# Insekte - Die springkaan!

### Wat weet maats van die interessante springkaan af?

In hierdie eksperiment leer maats van die sprinkaan. Die sprinkaan is orals te sien deur warm maande en maats kan dit maklik identifiseer. Weet maats dat 'n sprinkaan se ore op sy maag sit? Weet hulle dat 'n sprinkaan nie 'n neus het nie, maar deur sy voelers ruik? Sprinkane het ook nie hande nie en daarom moet hulle met hulle voelers op hulle koppe voel! Insekte soos die sprinkaan maak gebruik van voelers of atennae om te voel en te ruik.

In hierdie biologie sessie kry elke maat 'n strooitjie atenna wat hulle moet gebruik om mee te voel en voorwerpe te identifiseer.

### Benodighede

- Strooitjies, gesny sodat elke maat een het
- 'n Verskeidenheid voorwerpe met verskillende hardheid en teksture (Mollie Muis gebruik 'n bak met water, klip en 'n bolletjie wol)
- Enige voorwerp wat 'n reuk het. (Mollie Muis het 'n piesang en naartjie gebruik)





# Insekte - Die springkaan!

## Instruksies

1. Laat die maats die strooitjies teen hulle voorkoppe vashou sodat hulle kan sien waar die insekte se voelers sit.
2. Pak nou die verskillende voorwerpe soos die bak water, 'n klip en watte langs mekaar voor maats uit.
3. Laat elke maat nou hul strootjievoelers saggies deur die water trek, dan oor die klip streel en dan oor die watte beweeg.
4. Vra vir die maats of hulle verskille kan voel in die voorwerpe se hardheid en teksture as hulle daaroor vryf.
5. Laat maats nou hulle oë toemaak. Ruil die voorwerpe om en vra vir maats om met toe oë die voorwerpe te identifiseer deur slegs met hulle strooitjievoelers daaraan te voel.
6. Sit nou die gegeurde voorwerp voor hulle neer. Laat maats die strooitjie teen die voorwerp druk. Laat hulle nou hul neus aan die anderkant van die strooitjie sit en kyk of hulle iets deur hulle voeler kan ruik.

## Wat het ons geleer?

Baie insekte soos die sprinkaan het atennae of voelers op hulle koppe. Hulle gebruik hierdie voelers om die omgewing om hulle te voel. Hulle gebruik hierdie voelers ook om mee te ruik omdat hulle nie neuse het nie.

